

# BUULT

Augustus 2004 Jaargang 52, nr.2

**Sport**  
steel die kalklig

**UFS will honour  
many in October**



Universiteit van die Vrystaat  
University of the Free State  
Yunivesithi Ya Freistate



NUUSTYDSTRIEF VAN DIE UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT  
NEWS MAGAZINE OF THE UNIVERSITY OF THE FREE STATE

# 100 Years into the future.

This year the University of the Free State celebrates a major milestone - its centenary. 100 Years ago - on 28 January 1904 - it was established as a higher education institution. Born from a poor Free State community, but a community with strong independent ideas, dreams and vision, the UFS has become one of South Africa's leading universities.

100 Years later the same commitment of service to the community exists, offering all people of the Free State and South Africa the following:

- High quality, innovative education
- Internationally recognised research
- Pioneering community service
- Outstanding sport and culture
- Modern facilities
- A leader in higher education transformation
- A place of diversity and tolerance
- A place of growth and stability

At the beginning of its next 100 years, the UFS also recommits itself to the ideals of a non-racial, non-sexist, multi-cultural, multilingual university built on a foundation of scholarship, excellence, innovation and justice.

Alumni are invited to send their contact details to:  
[alumni@mail.uovs.ac.za](mailto:alumni@mail.uovs.ac.za) or fax to (051) 401 3758.

University of the **Free State**  
**be who you are**



**Redakteur / Editor:****Leatitia Pienaar**

Tel: +27 51 401 9188

Faks / fax: +27 51 430 8397

Pienaara.stg@mail.uovs.ac.za

**UV-webblad / UFS Website:****www.uovs.ac.za****Produksie / Production****Uitleg/ Design****Chrysalis Advertising and  
Publishing, Bloemfontein****Drukwerk / Printing****Beith Digital, Sandton**

*Bult*, nuustydskrif van die Universiteit van die Vrystaat, word uitgegee deur die Afdeling: Strategiese Kommunikasie aan die UV. Menings wat in die publikasie gelug word, weerspieël nie noodwendig die van die Redakteur, die Afdeling of die UV nie. *Bult* word onder oudstudente, donateurs, sake- en regeringsleiers, meningsvormers en Kowsie-vriende versprei. Artikels mag met die nodige erkenning elders gebruik word. Rig navrae hieroor aan die Redakteur.

*Bult*, news magazine of the University of the Free State, is published by the Department: Strategic Communications at the UFS. Opinions expressed in the publication are not necessarily those of the Editor, the Department or the UFS. *Bult* is sent to alumni, donors, business and government leaders, opinion formers and Kowsie friends. Articles can be published elsewhere, with the necessary acknowledgement. Contact the Editor in this regard.

**Adresveranderinge /  
Address changes**Stuur besonderhede aan /  
Send details to:

Dawid Kriel

Posbus / P O Box 2319

Bloemfontein 9300

Tel: +27 51 401 3409

Faks / fax: +27 51 430 8370

Dawid.stg@mail.uovs.ac.za

# BULT

## inhoud

Julie 2004 Jaargang 52 nr 2

**Nuus/News**

- 6 Sportplan bring UV in die internasionale kryt
- 8 Athene 2004 - die Kowsie-konneksie
- 10 Dines Gihwala pleads for review of the law
- 11 Ouer bevolkings gaan nog vir grys hare sorg
- 12 Gereformeerde teologie het 'n toekoms, glo nuwe dekaan
- 13 UFS a leader in transformation, said Dr Sonn
- 14 'The story of our shared past must be told, warts and all'
- 15 Kennisbestuur al hoe belangriker, sê prof. Tolmie
- 16 Academic soundness of MBA confirmed
- 17 Khoisan en UV vat hande
- 18 More will receive honorary doctorates in centenary year

**Monitor**

- 20 Two new women in UFS Council
- 21 Nuwe fasiliteite 'n aanwins
- 22 Old tradition re-introduced

**Korporatief/Corporate**

- 24 Vroue in landbou gaan van krag tot krag
- 26 Afrox pushes Tswelopele forward
- 27 Liaison Office goes Oriental
- 27 Pepkor a centenary contributor

**Alumni**

- 28 Baie by gholfdag in Welkom
- 29 Oud-Kowsies op De Aar hou reünie
- 29 Gauteng Kowsie-gholfkampioenskappe
- 34 Don't miss out on reunions
- 33 Welkom Bokkebond by die Kowsie-alumni

**Rubrieke/Columns**

- 2 Briewe en Soekhoekie
- 23 In memoriam
- 32 Blou Willem

**Voorbladfoto**

Sport steel kalklig





Teen die tyd dat wanneer u hierdie *Bult* ontvang, is die eeufeesjaar al verby die halfpadmerk, met die akademiese hoogtepunt van die fees wat in Oktober wag. Dan gaan die UV die kollig probeer steel met 'n internasionale konferensie van formaat. Ons sal *Bult*-lesers ingelig hou.

Die UV vereer ook vanjaar mense met eeufeesmedaljes en eredoktorsgrade vir die besondere bydraes wat hulle op 'n verskeidenheid van terreine gelewer het met. Lees meer hieroor op bl. 18 en 19.

Intussen kan julle lekker gelees aan mense se herinneringe aan die wonderlike tye wat hulle op die kampus gehad het.

Stuur gerus julle bydraes.

Groete

*Heather Pereira*

## Ek kon geskiedenis gemaak het

**Erna Maré (Gouws) (84) van Tabor 102, Privaatsak X05, Winkelspruit, KwaZulu-Natal, skryf:**

Ek lees in *Bult* hoe min karre daar in die vyftigerjare op die kampus was. Ek het amper in 1939 in my tweede jaar 'n karretjie gekry. Ek het niks van dié moontlikheid geweet nie.

My pa het egter my brief waarin ek 'n paar pond vra om 'n tweedehandse fiets te koop, eerste gekry en die fiets toe dadelik aangestuur.

Ja, nou wonder ek net watter uitwerking dit op my sou gehad het as ek die eerste student kon gewees het om in my studiejaar 'n motor op kampus te hê. Eerste studentemotor op kampus by die UKOVs, en daarby nogal 'n damesstudent! Ek dink darem my vier vriendinne sou my op die regte spoor gehou het, of hoe Ria, Marietjie, Wiesie, Saartjie?

## Ou maats ontmoet weer

**Susanne Harper van HarperSM@TUT.AC.ZA skryf**

Op die foto (regs) wat in Pretoria geneem is, verskyn oud-Kovsies Irene Hitchcock (Treffie), Hestertjie de Villiers (mev. Steyn) en Susan (Santjie) de Villiers (mev. Van Zyl).

Irene en Hestertjie was saam in President Steyn-huis as eerstejaarstudente vroeg in die dertigerjare. Pres. Steyn was toe die enigste dameskoshuis terwyl Abraham Fischer die manskoshuis was. Irene het haar B.Sc-graad en Hestertjie en Santjie elk 'n B.A. verwerf. Al drie het ná U.O.D. gaan skoolhou.

Irene het by die Hoërskool Meisieskool La Rochelle in die Paarl en by die Hoërskool Meisieskool Eunice skoolgehou. In 1948 word sy dosent aan die Normaal Kollege in Pretoria, wat destyds deel van die UP was.

Die studente van die Normaal het hulle beywer om selfstandig te word en Irene en die destydse rektor, dr. I. Meyer, het hulle sterk ondersteun. So het die Normaal die selfstandige Pretoriase Onderwyskollege geword. (In 2002 is die bordjies verhang toe die onderwyskollege weer 'n vertakking van die Departement Opvoedkunde van die UP geword het).

Van 1950 tot 1980 was Irene hoof van die Departement Natuurwetenskappe. Sy was een van die skrywers van die skoolhandboeke wat teen 1968 deur Juta en Kie gepubliseer is. Die boekies is gereeld hersien om by veranderinge van sillabusse aan te pas. Die boekies vir st. 2 tot st. 5 is vir bykans 30 jaar in skole gebruik. Op 80-jarige ouderdom het sy die laaste hersiening van die skoolhandboeke gedoen.

Hestertjie was met Kotie Steyn, ook 'n oud-Kovsie wat haar in 1969 ontval het, getroud. Sy was vir meer as veertig jaar lank 'n Engels-onderwyseres. Sy woon in 'n aftree-oord in Pretoria.

Santjie was getroud met prof. Pieter van Zyl van Unisa, een van die stigterslede van RAU. Sy is onlangs oorlede.



Irene Hitchcock (Treffie), Hestertjie de Villiers (mev. Steyn) en Susan (Santjie) de Villiers (mev. Van Zyl).

## Intervarsity was a highlight

Lucy van Niekerk (98) (née Mason) from 412 Eldorado, 54 St. Peters Road, Southernwood, East London, writes:

You have asked whether any special or humorous incidents occurred during my varsity years from 1924 to 1927. I'm afraid life flowed on quietly and smoothly

from serious study to relaxation in sport or going out in the evening with a special friend to the bioscope or a play presented at the Grand Theatre. Here students used to have seats in "the gods", at the cheapest rate.

Intervarsity with Tukkies was the

highlight of the year. We used to practise our special songs to support our first and second rugby teams with great gusto...

Our war cry was very important:

*Grey ka la ka*

*Grey ka la ka*

*Grey, Grey, Grey!*

### Wilma soek Marize

Wilma Coertzen (051 673 2121) is op soek na Marize Viljoen. Marize was vanaf 1994 tot 1999 op Kovies, het M.B. Ch.B studeer en in Pres. Steynkoshuis gebly. Haar laaste adres was Posbus 5124, Vaal Reefs, maar dit is sedert Januarie 2003 'n onbekende adres.

### Lynette will graag van Charlene hoor

Lynette Knoesen is op soek na 'n ou vriendin van haar, Charlene Stephenson, nou Barnard. Sy was in 1996 'n eerstejaar, het MBW geswot en haar ouers was van Aliwal-Noord. Lynette en Charlene was saam in Huis Welwitschia. Kontak Lynette by Lynette.Knoesen@goldfields.co.za of by 083 745 4174.

### Hans, John Kolbe wil kontak maak

John Kolbe (kolbes@mweb.co.za) soek na Hans Krönke, voorheen van Posbus 2005, Okahandja, Namibië. Pos na hierdie adres kom sedert September 2001 gemerk as "Adres onbekend" terug.

### Piet Furstenburg, waar is jy?

Piet Grabe van KwaZulu-Natal is op soek na sy ou kamermaat, Piet Furstenburg. Hulle was van 1970 tot 1973 in Huis de Wet. Piet Grabe het B.A. geswot en Piet Furstenburg B.Com. Kontak Piet Grabe by 083 225 4227, of 036 637 5790.

## Soekhoekie

### Kovies in Kanada wys hoe dit gedoen moet word

Beste oud-Kovies

Ek het op 'n dag gehoor 'n mens moet aanvaar jy het 'n drankprobleem as jy "Drink Canada Dry" as 'n persoonlike uitdaging beskou. Van die oud-Kovies in Kanada se drinkgewoontes weet ek weinig, maar dat hul harte nog vuurwarm klop vir Kovsieland en die Bult is gewis.

Op inisiatief van Wouter de Bruin en met verdere ondersteuning van Ludwig de Jager en Johann Wessels het ons die aantal oud-Kovies in Kanada op ons databasis vanaf 44 na 101 verhoog.

Dankie Wouter dat jy die (e-pos)bal aan die rol gesit het en dankie aan elke oud-Kovsie in Kanada wat gereageer het op my knaende e-posse. So waar's die res?

Wouter en kie het nou vir ons 'n mikpunt gestel deur hul databasis in drie maande se tyd met 'n indrukwekkende 130% uit te brei. Wat van die ander internasionale oud-Kovies?

Ek is oortuig daarvan ons oud-Kovies in die VSA, die Verenigde Koninkryk, Australië en Nieu-Seeland kan Kanada se syfer verbeter of minstens goed skrikmaak.

Vir die oud-Kovies in lande soos Denemarke, Griekeland, Japan, Malawi, Rusland en Turkye is dit nog makliker – stuur net nog een oud-Kovsie se naam in en julle het klaar 'n 100% uitbreiding op jul databasis.

Terwyl ons nou so lekker met die syfers sit en speel, benewens Kanada

se honderdtal het nog 'n paar ander lande ook "mylpale" behaal. Lesotho (53) is verby die 50 kerf met die VSA (46) nie ver agter nie.

Die Verenigde Koninkryk het sy 150 aangeteken en die totale internasionale syfer (Namibië uitgesluit) is deur die 500 kerf (507). As die Namibiërs nog 20 name by hul huidige 480 voeg, het hulle hul eie individuele 500.

Tyd om te verklaar. Soos altyd as julle van enige plaaslike of internasionale oud-Kovies weet wat graag die *Bult* wil ontvang, kontak my asseblief op een van die volgende maniere:

**Posadres: Posbus 2319,  
Bloemfontein, 9300.**

**E-pos:**

**dawid.stg@mail.uovs.ac.za of  
alumni@mail.uovs.ac.za**

**Tel: +27 51 401 3409**

**Faks: + 27 51 430 8370**

**Webadres:**

**http://kiewiet.uovs.ac.za/  
prb/alumni/adres/  
alumnivorm.asp**

Kovsiegroete

**Dawid**

## Magneet kry toe daardie soen – dekades later

Dit het alles gebeur soos dit hier geskrywe staan. Dit was op die Kowsiekampus, voor die Hoofgebou, onder die bome, op die Egiptiese en Libiese deel van die eens bekende Donker Afrika.

Sien, die vriendelike rektor het die ou garde genooi vir 'n millenium-koppie-tee en -koekies. Die ou garde waarvan hier gepraat word, is die wat in die eerste helfte van die vorige eeu die kampus bewandel het.

Met die tyd het ek, Magneet Marais, wat vier kinders op dieselfde kampus onderhou het, 'n bietjie vervreemd geraak van die alma mater. Om die waarheid te sê, ek het genoeg gehad van proffies wat nooit skool gehou het nie en dus van metodiek niks geweet het nie; van predikate en druipsyfers en herre.

Maar toe sy, Hannie Verwey, my uit die bloute skakel en vra of ek dit nie tog maar hierdie keer sal oorweeg nie, was my hart so sag soos mos.

So breek die besonderse dag aan. Die trotse ou Hoofgebou, "Hoog met sy kop in suiwer lug", streel nog steeds die oog en vermurwe die hart. Iets het in my binneste op 'n besondere manier geroer. Toe moes ek al geweet het wat kom!

Weldra kom hulle drupsgewys met sierlike krom kieries, met die bekende "old school tie" en wit baadjie van jare toet, aangekruie. En skielik was sy daar, half eenkant, beskeie soos altyd. Ek drink haar teenwoordigheid vir 'n oomblik in, maar ek merk geen blik of blyk van herkenning nie.

Ek staan ongemerk, beleefd, skamper, soetjies nader tot ek my hand kan uitsteek: "Môre Hanniel!" Kom die bruuske vraag: "Wie's jy?"

"Ek is Magneet, Hannie... Magneet Marais wat so graag jou boeksak Huis Steyn toe gedra het." Stom. Oë rek groot. Sy staan selfs 'n tree agteruit. "Ek het ook eenmaal jou stukkende fiets vanaf Hackerty Street, waar julle was vir die weeklikse maatskaplike diensbeurt, teruggestoot huis toe."

Dan kom die herinnering: "Nou kom dan hier, jou aaklige ding, dat ek jou 'n soen kan gee." Tone krul en klokkies lui in Magneet se ore oor die soen wat so lank uitgebly het!

**Redakteur:** *Ons kan maar net raai wie Magneet Marais is!*

## Huisvergaderings, o, huisvergaderings

Hier is 'n paar aantekeninge uit die notules van Huis Verwoerd, wat prof. Teuns Verschoor in sy boek *Smaail Prof* aangeteken het:

**14 Mei 1979:** 'n Spesiale oomblik van stilte word gevra vir Daan Erwee. Hy het sy enigste borshaar die naweek verloor.

**9 Augustus 1979:** Fanie Reynders meld dat Daan Erwee se borshaar weer reg is om gepluk te word.

**8 September 1989:** Mnr. Du Preez vertel hoe sy kamermaat in die Rooi Rose gesoek het vir die "Tert van die maand".

## 'Ek voel soos Rip van Winkel'

**Lida du Plessis van Parkdal 67, Parke-aftreeoord, Shepstoneveg, Lyttleton 0157 skryf:**

Ek was verlede jaar die ouste oudstudent op die galadinee en het ook die kampustoer meegemeek. Ek het waarlik soos 'n Rip van Winkel gevoel.

Ek het as 'n bedremmelde eerstejaartjie op 18 Februarie 1941 by Pres. Steyn-tehuis opgedaag. Dit was die enigste koshuis vir dames. Verder was daar die Hoofgebou, die Abraham Fischer-tehuis vir mans en die Reitz-saal wat die eetsaal vir die mans en die administratiewe kantore gehuisves het. Prof. Kok, die huisvader van albei koshuise, het ook daar gewoon. Op die terrein was die opsigter se huisie. Verder net veld.

Verlede jaar bevind ek my in 'n doolhof van geteerde strate, etlike verdiepinghoë koshuise, 'n biblioteek, sportsentrum, studentesentrum, ens.

My studentejare was gedurende die Tweede Wêreldoorlog. Brandstof was gerantsonereer. Stadstudente het soggens 8-uur gekom en is 5-uur weer gehaal. Koshuiseinwoners moes maar voetslaan tot in Parfittlaan waar ons die naaste bus stad toe kon kry, of moes gewillig wees om deur een van die manne op sy fiets gelaai te word!

Saterdag was dit hare was. Dit was nogal 'n gedoente. Eers moes 'n mens reënwater by 'n tenk in 'n groot emaljebeter tap en op die stoof warm maak. As die son geskyn het, was daar nie vir 'n muis plek op die balkon nie: Soos dassies in die son word die hare gedroog. O, wee, as die son die dag nie skyn nie! Elektriese haardroërs?

Motors op die terrein? Ek kan op my een hand die motors tel wat op die kampus te sien was. Selfs die meeste dosente het fiets gery. En nou? Teerstrate en parkeerplekke by die dosyne. Dit lyk vir my of daar amper net soveel motors as studente is.

'n Luukse studentesentrum? Soiets het nie bestaan nie. By Grey Kollege se snoepwinkel kon 'n mens darem 'n soetdingetjie koop. Op 'n Saterdag het van die studente daar tog 'n bietjie gedans.

Kan julle glo dat dames net toegelaat was om ontbyt sonder sykouse by te woon, maar sykouse was verpligtend vir ander maaltye, klas toe en as jy saans uitgegaan het!



Jool 1941: Agterstevoor bruihof wat eerste prys gekry het.

# Boek oor die geskiedenis van die UV: Voorpublikasie-aanbod

'n Interessante koffietafelboek wat die UV se geskiedenis vanaf 1904 tot hede vertel, word later vanjaar uitgegee. Dit is die verhaal van hoe die UV ontwikkel het uit 'n verarmde Vrystaatse gemeenskap net na die Anglo-Boereoorlog tot 'n volwaardige moderne universiteit. Dit vertel beide die storie van die amptelike gebeure en die verhaal van die Kowsies vir die Kowsies, oor die mense wat hier geleef en gewerk, grootgeword en pret gehad het.

Die boek van sowat 300 bladsye, is in 'n lekker leesstrant geskryf, met talle foto's en vertellings waaraan prof. Leo Barnard van die Departement Geskiedenis by die UV (as redakteur) en 'n paar ander skrywers al jare lank werk. Daar word tegelyk 'n Afrikaanse en 'n Engelse uitgawe in verskillende omslae gepubliseer. Die projek is onderneem met die gewaardeerde finansiële steun van Sasol.

Hiermee 'n uitnodiging om nou reeds u kopie van die spesiale publikasie teen 'n verlaagde prys te verseker.

Belangstellendes het ook die geleentheid om hul naam ingesluit te kry in 'n spesiale naamlys agter in die boek deur 'n minimale ekstra

bedrag te betaal. Daar is dus die volgende opsies beskikbaar:

- Mense wat die boek bloot vooraf wil bestel sonder om hul name ingesluit te kry by die lys van oud-Kowsies, studente en personeel wat daarvoor wil betaal, kan Opsie 1 van die onderstaande vorm uitoefen.
- Mense wat ook hulle name in die boek wil laat aanbring, kry geleentheid om dit teen betaling te doen in Opsie 2, wat 'n voorafbestelling insluit.
- Opsies 3 en 4 is soortgelyk aan Opsie 2, behalwe dat die boek dan spesiaal in 'n omslag (Opsie 3) of luuks gebind (Opsie 4) beskikbaar is. (In opsies 2, 3 en 4 word die name dus outomaties ingesluit.)
- Vul onderstaande in en pos dit saam met 'n tjek of bewys van bankinbetaling aan:

Mnr Dawid Kriel  
UV-Bemarking  
Posbus 2319  
9300 Bloemfontein



Opsie	Beskrywing	Prys BTW ingesluit	Afrikaans Vul asb in aantal kopieë	Engels Vul asb in aantal kopieë
1	Standaard uitgawe teen 'n verlaagde prys	R280		
2	Standaard uitgawe met insluiting van naam. (Alumni, studente, huidige en oud-personeel, raadslede, donateurs, ondersteuners, enigeen het die geleentheid om in die lys ingesluit te word)	R320		
3	Spesiale uitgawe in omslag met insluiting van naam	R360		
4	Luuks gebinde uitgawe met naam	R750		
<b>Posgeld @ R50 per boek</b>				
<b>Totaal</b>				

## Voltooi asseblief indien u Opsies 2, 3 en 4 kies:

Titel, naam en van	Verbintenis met die UV, bv. oud-student, personeëlid, raadslid, student	Tydperk van u verbintenis, bv. 1988-1991

## Versend boek asseblief aan:

Titel, naam en van	
Adres	
Of dui aan of u dit self op die UV-kampus sal kom afhaal (By die kantore van UV-Bemarking)	Poskode
Tjek ter waarde van	ingesluit
Bewys van betaling in bankrekening ingesluit, of gefaks na 051 447 5211 Bedrag inbetaal :	

ABSA Brandwag UV Nr. 1 Rekening; Rek.nr. 1570-850-071; Takkode 33-43-34



# Sportplan bring UV in die internasionale kryt

“Die UV dink groot met sy sportplan. Ons wil nie net ’n provinsiale of nasionale nie, maar internasionale rolspeler op hierdie terrein word,” sê prof. Teuns Verschoor, Viserektor: Akademiese Bedryf, oor die UV se sportplan wat hierdie jaar al meer en meer sigbaar gestalte begin kry het.

Prof. Verschoor sê die UV se belegging van R1 miljoen per jaar oor drie jaar in die sportplan begin dividende oplewer. ’n Paar miljoen rand is ook deur die Suid-Afrikaanse

lotto vir sportontwikkeling beskikbaar gestel. Die sportplan vir verlede jaar bekend gestel.

Die Springbokke het ’n paar weke in Bloemfontein saamgetrek om van die baie goeie fasiliteite by die UV gebruik te maak om hulle vir hulle wedstryde teen die Iere en die Wallisers voor te berei – en dit lyk of dit goeie resultate oplewer het met Jakes White se span wat vir die eerste keer ná ’n lang wendroogte die telbord in Suid-Afrika se guns kon laat swaai. Natuurlik sou White dit nie kon doen sonder die hulp

van die Springbokke se biotegnikus, Derick Coetzee, ’n dosent in Menslike Bewegingskunde aan die UV, nie.

Intussen het mense ook al in die nuus gehoor dat die UV groot planne met sokker het en sy vere regskud om in die 2010-sokkerwêreldbeker ook ’n belangrike oefenterrein vir spanne te wees. Die inkoop in die Castle-sokkerliga het ook alle verwagtinge oortref en drie Kovsie-spanne neem al daaraan deel. Die Vrystaatse Krieketakademie het ook vanjaar na die kampus verskuif, en die UV was ook



Die manne wat hier so lekker in die geriewe op die Kovsie-kampus oefen, is Gurthrö Steenkamp (loskopstut van die Cheetahs), CJ van der Linde (Spingbok-vaskopstut) en Juan Smith (flank van die Cheetahs).



gasheer vir die nasionale Pluimbalkampioenskappe.

Verskeie sportfederasies word geteiken om hulle sentrum van spesialisasie in sport-wetenskaplike dienste na die UV-kampus te verskuif. Hieronder is basketbal en boks moontlikhede. Dit sluit in hoëverrigting-evaluasie, opleiding en ontwikkeling van hul afrigters en administrateurs. "Daar is geen rede waarom 'n internasionale boksegeveg nie in die Callie Human-saal aangebied kan word nie," sê prof. Verschoor. Daar gaan ses hoëprestasie-sentrums vir sport in Suid-Afrika wees en die verwagting is dat van die werk wat die ander sentrums nie kan hanteer nie na Kovsies uitgekontraakteer sal word.

Die groot fokus van die UV se sportplan is die totstandkoming van 'n sentrum vir oefen- en sportwetenskapdienste. Die fisiese strukture bestaan reeds, maar die bestuursvorm moet nog gefinaliseer word en in hierdie opsig help Morné du Plessis se Sport Science Instituut baie. Du Plessis is self oortuig dat Kovsies in verskeie areas oor beter fasiliteite as die instituut beskik.

Deel van die UV se sportplanne is om 'n bestuurder aan te stel om die sportsentrum as 'n winsgewende eenheid te bedryf.

In die sportsentrum sal die klem val op 'n program vir topbesigheidslui (executive programme), 'n rehabilitasieprogram vir mense wat in sport en andersins beseer is en op hoëprestasie-sport (high performance sport). Van die apparaat word deur die Weermag verskaf, wat ook die Kovsies-fasiliteite vir sy rehabilitasieprogramme gebruik.

Prof. Verschoor sê die sportsentrum sal verskeie ander voordele vir die UV inbring, benewens die talle nasionale en internasionale topsportlui wat hierheen gelok sal word. Dit sal die UV se potensiaal verhoog om navorsing te doen, toerusting op datum te hou en te verbeter, en help om nasionale en internasionale toernooie in byvoorbeeld basketbal en boks by die UV aan te bied.

"Met die sportplan gaan die akademie en die sportpraktyk nader aan mekaar gebring word. In die toekoms kan Sportgeneeskunde by die Skool vir Geneeskunde ook 'n moontlikheid word," sê hy.

## 'Sport opens doors for young people'

"Sport is important for the UFS. If we want to produce well-rounded people for South Africa, we cannot only focus on the academe, but must pay attention to sport and culture," said Dr Ezekiel Moraka, Vice-rector: Student Affairs at the UFS.

"The idea is to establish sport as a business at the UFS and continue to produce more people who can compete nationally and internationally. Students must realise that there is also a future in sport. Sport opens doors for many young people and some will establish careers in sport," he said.

"The fitness of our young people is important. They are under a lot of stress. Furthermore, sport can also assist to improve racial integration on the campus. A lot is being done on residence level in this regard, but more needs to be done. Some of the biggest projects on the agenda are a proposed soccer stadium and a proposed astro field for hockey. The UFS has almost all the necessary facilities for rugby, swimming, tennis netball, squash, athletics, etc. Some of these need to be upgraded and a process is under way to that effect.



Dr Ezekiel Moraka.

Dr Moraka said with the soccer stadium the UFS hopes to play a major role in the 2010 Soccer World Cup, by providing training facilities for visiting teams. A hockey field is also urgently needed, as the UFS is losing hockey-playing students to other higher-education institutions.

The UFS has probably the biggest sports facilities in the Free State and intends to become a major role-player in sports, not only in the Free State, but also internationally.

# Athene 2004 - die Kovsie-konneksie

Deur Anita Lombard

**D**aar is twee Kovsie-sportmanne en hulle gesinne vir wie deelname aan sport nooit weer dieselfde sal wees nie. Chris Dednam, 'n pluimbalspeler, en Johan Cronjé, 'n atleet, is ingesluit in die Suid-Afrikaanse Olimpiese Span wat in Athene aan die Olimpiese Spele deelneem. Chris Dednam, 'n B.Rek-student, is die oudste seun van prof. Martin en mev. Engela Dednam en die broer en dubbelspelmaat van Roelof, ook 'n Kovsie en 'n belowende Suid-Afrikaanse pluimbalspeler. Oud-Kovsies Martin en Engela, is albei aan die UV verbonde – Martin as mede-professor in die Departement Handelsreg en Engela as lektrise in die Departement Rekenaarwetenskap en Informatika. Hulle is beide uitmuntende provinsiale pluimbalspelers en het mekaar juis destyds as jong Kovsies by die UV-pluimbalkklub ontmoet! Om alles te kroon word Chris deur sy vader afgerig!

Chris en Roelof het kleintyd al met pluimbal kennis gemaak toe hul ouers hul saamgeneem het na oefeninge en toernooie en Chris was skaars vyf jaar oud toe hy pluime begin rondslaan en junior lid van 'n klub geword het. Alhoewel beide seuns uiters veelsydig en sportief is en talle ander sportsoorte beproef het, het pluimbal uiteindelik gewen – volgens Engela waarskynlik vanweë Martin se entoesiasme en aanmoediging en sy opoffering om hulle te neem na die nasionale en internasionale toernooie waaraan die seuns deelgeneem het.

Martin dien Pluimbal Suid-Afrika as adjunkdirekteur van afrigting en is ook op die as konstitusionele/regs-komitee daarvan. Hy is ook 'n provinsiale afrigter en sy Vrystaatse onder 15-span het twee jaar agtereenvolgens die nasionale

spankategorie gewen en die onder 17- en onder 19-spanne elk drie jaar agtereenvolgens. Verskeie individuele nasionale en Afrika-kampioenskapstitels in alle ouderdomsgroepe is die afgelede dekade deur sy spelers ingepalm. Roelof en Chris is huidige Afrikakampioene.

Chris se lys van prestasies op die pluimbalbaan is indrukwekkend. Hy is die huidige senior Afrika-dubbelspelkampioen, die huidige senior SA enkel-

en dubbelspelkampioen, asook die huidige SA studente enkel-, dubbelspel en gemengde dubbelspelkampioen. Hy was ook lid van die Nasionale Senior Protea-pluimbalspan wat in 2001 in Seville, Spanje en in Maart 2003 in Eindhoven, Nederland aan die wêreldkampioenskappe deelgeneem het en was in 2002 kaptein van die SA Studentespan na Pole. Hy was ook lid van die Nasionale Senior Protea-mans-



Danie en Sarina Cronje in hul jonger dae toe hulle vir groot opwinding op die atletiekbaan gesorg het.

pluimbalspan wat in Mei 2004 in Indonesië aan die Wêreldspankampioenskappe deelgeneem het.

Chris is nasionaal eerste gekeur in die enkelspel, dubbelspel en gemengde dubbelspel. Hy is deur die Internasionale Pluimbalfederasie vir die Beijing 2008-spele geoormerk.

Nadat Martin en Engela destyds hul wittebrood en meer onlangs hul pêrel-huweliksherdinking op die pluimbalkbaan moes deurbring, het hulle hulself bederf met 'n besoek aan Athene om hul seun in aksie te sien.

**Johan Cronjé**, 'n student in Sportbestuur en uithaler Kovsie-langasem, is die oudste seun van twee oud-Kovsies en oud-Springbokatlete, Danie en Sarina Cronjé. Sarina is ook 'n UV-personeellid en etlike jare werksaam as vakkundige beampte by die UV se Navorsingsinstituut vir Onderwysbeplanning.

Danie het sy Springbokkleure as hindernisatleet verwerf en Sarina was as langafstandatleet ook Springbokkapteine. Sarina



Martin en Engela Dednam, albei ook verbonde aan die UV.



Chris Dednam, wat as 't ware op die pluimbalkbaan groot geword het.



Johan Cronjé het al aan verskeie internasionale kampioenskappe deelgeneem.

was ook vir vyf jaar agtereenvolgens Kovsies se Sportster van die jaar. Johan is aanvanklik deur Sarina afgerig, maar word nou deur die oud-Kovsie DB Prinsloo, 'n bekende afrigter in die provinsie en die land, afgerig. DB was Suid-Afrikaanse kampioen in die 3 000m-hindernis in 1984. Hy is ook by die UV werksaam as sportbestuurder.

DB beskryf Johan as 'n wêreldklasatleet en 'n rolmodel vir ander atlete. Dit is volgens hom 'n plesier om met ouers soos Danie en Sarina te werk. Johan kon vanjaar uiteindelik sy lewensideaal verwesenlik deur aan die Olimpiese Spele deel te neem. Selfs die teleurstelling van drie ernstige beserings van Augustus 2002 en Mei 2003 het hom nie in sak en as laat sit nie. Soos dit 'n ware kampioen betaam, het hy skouer aan die wiel gesit en met 'n deeglike oefenprogram sy klim na die kruin aangepak.

Johan het reeds verskeie Suid-Afrikaanse junior en senior baan- en landlooptitels gewen en is die 2004 SA senior 1500m-kampioen. Hy is ook die huidige SA studentekampioen in die 800m en 1 500m. Johan is 'n gesoute internasionale deelnemer en het goed gevaar by die Jeug-wêreldkampioenskappe in Pole in 1999, die Jeug-Statebondspele in England in 2000, die Junior Wêreldkampioenskappe in Chile in 2000, die Afrika Junior Kampioenskappe in 2001 en die Studentewêreldspele in Beijing, ook in 2001.

Johan se ouers en sy afrigter sal ook in Athene wees om die nodige morele ondersteuning te bied.

# Dines Gihwala

## pleads for review of the law



Prof. Johan Henning, Dean of the Faculty of Law, Mr Dines Gihwala, Vice-chairperson of the UFS Council, and Judge Faan Hancke, Chairperson of the Council.

“In a number of important ways, the law makes fools of us all... We, as consumers and taxpayers, are lulled into thinking the law protects us when it definitely does not, Mr Dines Gihwala, lawyer from Cape Town and Vice-chairperson of the UFS Council, said in his inaugural lecture. He used various examples to explain where the law has failed the ordinary person.

He said those tasked with the responsibility of rewriting the South Africa’s Companies Act should be bold and imaginative. They should remove once and for all those parts of our common law which frustrate the ideals of the Constitution, and in particular those which are in conflict with the principles of the Broad Based Economic Empowerment Act of 2003 (BBEE). The BBEE Act is designed to promote the achievement of the constitutional rights to equality, increase broad based and effective participation of black people in the economy and promote a high growth rate, increased employment and equitable income distribution.

“But despite the best intentions of this law, the sad truth is that much ugly debris of the past remains with us and will continue to do so for many years unless other legislative initiatives are taken and implemented.

“There is some urgency about the need for legislative change, for nothing could be more threatening to the stability of our democracy than the exclusion of the overwhelming majority of our population from the economic mainstream. It must be clear that the BBEE Act alone cannot alleviate the effect of many years of inferior education. And for how long will business continue to feel the impact of our past separate and highly unequal education? For as long as those, kept from the education that would allow them to compete equally in the workplace, perceive barriers to their effective involvement in the market.

“And believe me, an inferior education is a serious handicap. Boardroom battles are fought as equals. It is almost always a case of the survival of the fittest, where the winner takes all.

“We should be asking ourselves whether it is really possible for an individual, handicapped by the inequities of our past, to compete in the real business world even though the BBEE Act is now part of our law. Does the law in fact assist such an individual? Or is it another case of the law making fools of those who believe in it?”

# Ouer bevolkings gaan nog vir grys hare sorg

**T**e midde van 'n afname in bevolkingsgroei koerse wêreldwyd – wat aan 'n verskeidenheid van redes, waaronder MIV/vigs toegeskryf kan word, vind daar ook 'n geleidelike veroudering van die wêreldbevolking plaas, het prof. André Pelsers van die Departement Sosiologie vroeër vanjaar in sy intrede gesê.

Een van die belangrikste veranderinge wat mense hierdie eeu aan die struktuur van die wêreldbevolking gaan sien – en een wat reeds in baie lande unieke uitdagings bied – is die konstante veroudering van bevolkings, en spesifiek die toename in persentasie en getalle van mense ouer as 65 jaar, sê hy.

Daar is tans sowat 430 miljoen mense ouer as 65 in die wêreld. Indien hulle almal in een land sou bly, sou dit die derde grootste volk ter wêreld wees. Prof. Pelsers sê van 2000 tot 2010 sal die gemiddelde jaarlikse groei koers van die groep ouer as 65 jaar na raming sowat 1,9% wees, teenoor 1,3% per jaar vir die totale wêreldbevolking. Dit is die vinnigste groei koers vir enige ouderdomskategorie in die wêreldbevolking.

“Die veroudering van bevolkings bied wêreldwyd 'n toenemende uitdaging, ofskoon ontwikkelende lande die grootste uitdagings in hierdie verband in die gesig staar. Nagenoeg 75% van hierdie ouer mense sal in ontwikkelende lande leef, terwyl die grootste persentasietoename in die ouer bevolking in die armste streke sal voorkom.

“Vanuit 'n beleids- en beplanningsoogpunt bestaan daar egter groter kommer oor die totale omvang (absolute getalle) van die verouderende bevolking as hierdie groep se persentasie-aandeel van die totale bevolking.

“Een van die belangrikste implikasies van hierdie verouderingstendens is dat staatsbegrotings aangepas (sal) moet word om hierdie nuwe demografiese situasie te hanteer. Groeiende ouer bevolkings plaas groot druk op die staat, en talle ontwikkelende lande is reeds nie in staat om die gesondheids-, behuisings- en finansiële behoeftes van die ouer komponent aan te spreek nie. Sels die nywerheidslande sukkel om meganismes te vind om veral gesondheidsorg en finansiële steun aan

hierdie bevolkingskomponent te verskaf,” sê hy.

Die grootste persentasietoename vir die vyftig jaar tot 2050 word in Latyns-Amerika (139%) verwag, gevolg deur Asië (120%) en dan in Afrika (114%). In Europa word 'n toename van 38% verwag. In Suid-Afrika word verwag dat die ouderdomsgroep 65 jaar en ouer teen 2010 reeds amper 5% van die bevolking sal uitmaak. Teen 2025 sal dit na verwagting tot 8% van die bevolking gegroei het en 25 jaar later tot 9,5%.



Prof. André Pelsers (tweede van links), van die Departement Sosiologie, hier by prof. Frederick Fourie, Rektor en Vise-kanselier van die UV, prof. Engela Pretorius, Waarnemende Vise-dekaan van die Fakulteit Geesteswetenskappe, en prof. Gerhardt de Klerk, Dekaan van die Fakulteit Geesteswetenskappe.

# Gereformeerde teologie het 'n toekoms, **glo** **nuwe dekaan**

**P**rof. Hermie van Zyl is sedert die begin Maart vanjaar aangestel as Dekaan van die Fakulteit Teologie aan die UV. Hy het sedert Januarie 2003 in die pos waargeneem ná die aftrede van prof. Pieter Potgieter.

Prof. van Zyl sien sy taak as dekaan tweeledig: eerstens om die fakulteit uit te bou tot 'n volwaardige ekumeniese fakulteit wat 'n kern-teologiese opleiding bied aan 'n verskeidenheid van kerke. Daarbewens wil hy ook die fakulteit se verbondenheid aan die gereformeerde-evangeliese tradisie, waaruit dit ontstaan en gegroei het, bly koester en uitbou en so 'n diens bly lewer aan sy tradisionele "kliënte", die N.G. Kerk en N.G. Kerk in Afrika.

"Ek is vas oortuig dat die teologie, en spesifiek die gereformeerde teologie, 'n lewenskragtige toekoms het. Gereformeerde teologie is daardie wetenskap wat homself voortdurend bly vernuwe en daarom altyd nuut dink oor die wêreld *sub specie Dei*. Dit beteken dat die wêreld nie maar net 'n binne-wêreldse bestaan het nie, maar by uitstek aan die lewende God gebind is, God wat met die skepping na sy uiteindelijke bestemming op pad is," sê prof. Van Zyl.

Prof. Van Zyl is op 6 Junie 1947 in Rustenburg gebore. Hy matriculeer in 1965 aan die Hoërskool Wonderboom in Pretoria en studeer Teologie aan die Universiteit van Pretoria waar hy die grade B.A., B.D. en D.D. behaal. Sy spesialiteitsgebied is die Nuwe Testament, en sy proefskrif het gehandel oor Matteus 18.

Sy huidige navorsing is veral gerig op die hermeneutiek (verstaan) van die Nuwe Testament, en op die sinoptiese Evangelies (Matteus, Markus en Lukas). Hy is betrokke by die vertaling van die Bybel in Afrikaans vir dowes, 'n projek van die Bybelgenootskap van SA (BSA). Hy was ook deel van die



Prof. Hermie van Zyl.

Verwysingsbybel-projek van die BSA wat in 1997 voltooi is, en medewerker in die Bybellennium-kommentaar wat by CUM verskyn het.

Hy was van 1975-1978 predikant in die N.G.-gemeente Farrarmere, Benoni. In 1979 betree hy die akademiese wêreld, eers as dosent in Nuwe Testament aan die Universiteit van Suid-Afrika se fakulteit teologie en sedert 1985 aan die UV se Fakulteit Teologie. In 1990 word hy professor en Hoof van die Departement Nuwe Testament.

# UFS a leader in transformation, said Dr Sonn

“The University of the Free State, of which I also am a part, prides itself on being a transforming university. In fact I often make the claim that when it comes to transformation the UFS is a leader and that



we see this process to be an ongoing one that will never end,” Dr Franklin Sonn, Chancellor of the UFS, said at the first graduation ceremony on the Vista campus after the incorporation of the Vista Bloemfontein campus into the UFS.

He said: “Transformation to us does not mean the abandonment of the deep-rooted values and principles that ensure us universal acceptance as a first-class institution for higher learning in our part of the world.

“Transformation also does not mean the dilution of *quality* which enjoys international respect. Transformation does however mean fundamentally adjusting to the requirements of an African university located in a country that is rebuilding itself along democratic lines. The government of this democratising nation is entitled to expect of us to understand what it means to be a university in universal terms, *but* equally what it means to be a South African university at this particular time.”

Dr Sonn said universities are and should never be separated from the nation and the society in which they are located. They should reflect their societies. They should be the best models or examples of what the nation or country is.

“Visitors to our country must be able to observe our campuses in order to come to a good understanding of what exactly South Africa is. Our graduations accordingly must in essence be true and the best reflection of the nature and character of South Africans.”

Dr Franklin Sonn  
Chancellor of the University  
of the Free State.

# 'The story of our shared past must be told, warts and all'

In April 2004 the majority of South Africans celebrated ten years of true democracy in South Africa. On the one hand the country is prospering, and yet, on the other hand, the newly elected government will have to address a number of serious problems, Prof. André Wessels, said in his inaugural lecture earlier this year.

“Underlying some of the problems – and at the same time probably also hampering the efforts of some of the role-players in finding practical solutions – is sometimes a lack of perspective, including a lack of historical knowledge, insight and perspective.

“Certain measures must be taken to ensure the future of all South Africans’ shared past. How many South Africans were really sure of their origins; whether the various communities in South Africa were really keeping track of their past; whether we as a country are not perhaps to some extent suffering from historical amnesia,” he said. “It would be very ironic if large parts of South Africa’s history is lost, because we are living in and experiencing one of the most fascinating transitional periods in our history. To be able to create a correct picture of the past and to understand how a society has developed, it is of the utmost importance that certain elements of the past must be preserved. Without it, our past will have no future.

“History provides perspective and contextualises events. It enables us to accept responsibility and to forgive, without the need to necessarily forget. The past must be ordered and understood. Parents and teachers have an important role to play in this regard. So does government departments as well as the private sector, who through



Prof. André Wessels.

the provision of funds and/or facilities, can enable historians to do the research that is needed to ensure the future of our past. And, of course, we need more books and more libraries, and we need to foster a culture of learning and reading,” Prof. Wessels said.

“History is a discussion or debate without end. It is about people, about what people have done and about why they have done it. It is about contact and interaction between people. It is a dialogue between the present and the past, between the people of today and those of the past; a mental exercise through which individuals, and a country as a whole, as well as all the cultural groups and communities to be found in a particular country, account for their past. The knowledge and insight gained through historical studies can contribute towards placing contemporary problems in a better perspective, and indeed to finding solutions for these problems.

“One of our characteristics as human beings is that we have a sense of

the past, and that we can *make* sense of the past. In many disciplines, students are trained to find solutions for problems, but history scholars are well-equipped to analyse what, in the first place, the problems are.

“Historians can also assist people in their efforts to come to terms with their past. In a country like South Africa with, inter alia, a tragic history of conflict between many people stretching over centuries, and with the consequences (including much trauma) of the apartheid era still with us, history can help people to overcome their pain, misery, fear (and even hatred). But then the story of our shared past must be told, warts and all, stripped of political correctness – and of vengeance.

“Oral history and projects to capture on tape, video and print the stories of all South Africans are very important. Historians must not isolate themselves in inaccessible ivory towers, merely writing for other historians, but must produce work that will be of a high academic standard, and capture the imagination of the general public,” he said.

“At the beginning of the 21<sup>st</sup> century, i.e. post-Cold War, post-apartheid, and post-11 September 2001, South African historians and everybody in the country interested in history, face wonderful challenges that, if dealt with properly, can contribute towards not only ensuring the future of our shared past, but can also contribute towards reconciliation, unforced nation-building, and positive transformation and, who knows, perhaps also put some ‘magic’ back into life. All interested parties must take up these challenges.”



# Kennisbestuur al hoe belangriker, sê prof. Tolmie

**M**aatskappye oor 'n wye spektrum kies om kennisbestuur toe te pas in 'n poging om meer kompetend te wees en om volhoubaarheid te verseker.

Kennisbestuur is ook relevant tot die hoërondewyssektor, het prof. Janse Tolmie, van die Departement Rekenaarwetenskap en Inligting aan die UV, in sy intreerede gesê.

Hy en sy broer, Francois, van die Departement Nuwe Testament, het geskiedenis gemaak deur die eerste twee broers te wees wat hul intreeredes op dieselfde dag by die UV gelewer het. Francois se intreerede het gehandel oor die impak van metodologie op die verstaan van die Nuwe Testament. Janse het sy intreerede gelewer oor die rol van inligtingstechnologie in kennisbestuur.

Janse het gesê globalisering, internasionalisasie en 'n toename in kompetisie het die belangrikheid van kennis verhoog om in die mark te kan meeding. Maatskappye het besef dat kennis noodsaaklik is vir mededingendheid en volhoubaarheid. Van die belangrikste maatskappye in die wêreld het kennisbestuur-inisiatiewe onderneem. Hier onder tel General Electric, Hewlett-Packard, Ernst & Young, Nokia, Honda en Siemens.

Hy sê daar is geen goue standaard om kennisbestuur in 'n maatskappy toe te pas nie. Die benadering moet handpas wees vir elke maatskappy terwyl die missie, hulpbronne, besigheidsprosesse en strategieë in ag geneem word. Inligtingstechnologie speel 'n groot rol in kennisbestuur-inisiatiewe en kan waarde voeg tot 'n organisasie. So kan webtuiste-aanmeldings, wat 'n ryk bron van kliënte-inligting is, instansies help om sy dienste en bemerkingspogings te verfyn. Dataminingtegnieke is kragtige tegnieke om nuwe inligting en tendense in 'n groot hoeveelheid data te ontdek.

Janse sê hoër onderwys het drie verpligtinge wat dataminingintensief is, naamlik wetenskaplike navorsing, onderrig en institusionele navorsing.

Wanneer data geskep word, moet dit beskikbaar gemaak word aan die regte mense



Prof. Janse en Francois Tolmie.

in die regte formaat. 'n Groot probleem wat werknemers van groot maatskappye ondervind, is inligtingoorlading. 'n Oplossing daarvoor is om 'n korporatiewe portale daar te stel. Portale is belangrik om te kan organiseer, verpak en kennis te deel.

Die portale is webtuistes of intranette wat die definisie van werknemers se rolle, bv. dekaan, dosent, lid van 'n sekere komitee of lid van 'n sekere departement, toelaat. Wanneer 'n werknemer in die sisteem aanmeld, sal hy slegs inligting en funksionaliteit ontvang wat van toepassing is op sy rol. Boonop sal dit vir hom moontlik wees om sy portaal aan te pas deur meer dienste en inligting by te voeg wat hy voel relevant is.

'n Sisteem wat van groot waarde kan wees vir 'n universiteit is 'n organisasiewye navorsinginligtingsisteem wat alle navorsingsverwante inligting sal dra. Dit kan 'n kragtige kennisbestuurinstrument wees wat navorsingsadministrasie kan verbeter, navorsingsresultate en beste gebruike deur die hele universiteit kan deel, help in die soeke na moontlike navorsingsvennote in ander dissiplines, help met die identifisering van algemene navorsingsbelange vir fokusdoelwitte, help met die soeke na moontlike kommersiële geleenthede, gemeenskaplike praktyk en die voortbring van bestuursinligting soos nodig.

# Academic soundness of **MBA** confirmed

The evaluation of all MBA programmes in the country, conducted by the Council on Higher Education (CHE), has confirmed the academic soundness of the MBA programmes offered at the UFS, Prof. Frederick Fourie, Rector and Vice-chancellor of the UFS, said in a statement.

The three MBA programmes of the UFS (MBA General, MBA Health Care Management and MBA Entrepreneurship) meet most of the minimum requirements of the evaluation process. "In particular, the key element of *teaching and learning*, which relates to the curriculum and content of the three MBA programmes, is beyond question. In other words, the core of what is being taught in our MBA programmes is sound," he said.

According to the CHE evaluation, the three MBA programmes of the UFS clearly and significantly contribute to students' knowledge and skills, are relevant for the workplace, are appropriately resourced and have an appropriate internal and external programme environment. What the CHE did find, was a few technical and administrative issues that need to be addressed, Prof. Fourie said.

"This is why the three MBA programmes of the UFS received conditional accreditation – which in itself is a major achievement for the UFS's School of Management, which was only four years old at the time of the evaluation."

Conditions that have to be met before full accreditation is granted by the CHE, are mostly administrative. The conditions are the establishment of a formal forum of stakeholders; the establishment of a work-allocation model; contractual agreements with part-time staff; the establishment of a

formal curriculum committee; establishment of a system of external moderators; to introduce a compulsory research component and to establish support programmes for learners having problems with numeracy.

Prof. Fourie said the majority of these conditions have been met already and few remaining steps will take effect soon. It is for this reason that the UFS is confident that its three MBA programmes will soon receive full accreditation.

"The UFS is proud of its MBA programme's reputation in the market and the positive feedback we receive from graduandi and employers.

"For instance, earlier this year, our School of Management – young as it is – was rated by employers as the best 'smaller' business school in South Africa. This was based on a survey conducted by the *Professional Management Review* and reported in the *Sunday Times Business Times* of 25 January 2004."



The UFS is committed to maintaining high standards of quality, not only through compliance with the requirements of the CHE, but also through implementing its own quality assurance measures. "We benchmark the quality of our MBA programmes also through the partnerships we have formed with institutions such as the DePaul University in Chicago and Kansas State University, both in the US, as well as the Robert Schuman University in France," Prof. Frederick Fourie (middle) said. Here Prof. Tienie Crouse (left), Dean of the Faculty of Economics and Management Sciences, and Prof. Helena van Zyl, Director of the Business School, sign the contract with DePaul.

# Khoisan en UV

## vat hande

“**D**ie Khoisan besit nie ’n vierkante meter grond in Suid-Afrika nie. Hoe het dit gebeur? ’n Regverdige bedeling kan nie in Suid-Afrika kom voordat hierdie probleem nie aangespreek is nie,” sê mnr. Cecil le Fleur, voorsitter van die Nasionale Khoisan Oorlegplegende Konferensie van Suid-Afrika (NKOK).

Die Departement Antropologie aan die UV huisves van vanjaar die sekretariaat vir die NKOK en het vroeër vanjaar ’n werksessie aangebied waarop navorsers bekend gestel is aan die NKOK se navorsingsbehoefes. Prof. Robert Gordon, ’n Suid-Afrikaans geborene van Amerika wat wêreldwyd as kenner van die Khoisan beskou word, het die werkswinkel gefasiliteer.

Mnr. Le Fleur sê daar is in ’n groot mate onkunde oor die Khoisan, waar hy vandaan kom en sy toewyding aan Suid-Afrika. “Vir ons gaan dit ook oor ’n erkenning van ons identiteit en ons herkoms en grondkwesties word noodwendig deel daarvan. Hoe het dit gekom dat ons al ons grond verloor het? Daar sal dringend daarna gekyk moet word,” sê hy.

Prof. Gordon sê die Khoisan het een van die “onsigbare nasies” van die wêreld geword. Nasies het nie net in die Derde Wêreld “verdwyn” nie. Dit het ook in Lapland, Spanje, Italië en in Amerika gebeur.

“Rasseklassifikasiewette voorheen in Suid-Afrika het daartoe gelei dat ras in werklikheid weggeskryf is. Hierin het die amptenary ’n groot rol gespeel. Mense is aangeteken as kleurling, ongeag hulle herkoms. Baie mense ken nie meer hul Khoisan-agtergrond nie en is skaam daarvoor.”



UV wil die Khoisan help. Hier is van links mnr. Cecil le Fleur, voorsitter van die Nasionale Khoisan Oorlegplegende Konferensie van Suid-Afrika, prof. Robert Gordon, ’n kenner van die Khoisan, en prof. Piet Erasmus, hoof van die Departement Antropologie aan die UV.

Prof. Piet Erasmus, Hoof van die Departement Antropologie, sê Khoisan-groepe word algemeen beskou as die eerste inheemse volke van Suid-Afrika. Ekonomiese en politieke faktore – kolonialisasie en apartheid – het daartoe bygedra dat hierdie gemeenskappe misken is en uiteindelik “verdwyn” het. Eers in die nuwe demokratiese bedeling is erkenning verleen aan hierdie mense se historiese, kulturele en politieke verbintenis tot, en rol in, Suid-Afrika.

In ’n wêreld wat gedomineer word deur nasiestate en globale kapitalistiese ekonomieë, bevind inheemse volke hulle toenemend in ’n oorlewingstryd. Die Verenigde Nasies se Werkgroep vir Inheemse Volke en die Permanente

Forum vir Inheemse Volke het aan inheemse mense oor die wêreld ’n platform voorsien vanwaar hulle hul saak kon stel en bevorder. Prof. Erasmus sê die geskiedenis van die Vrystaat is besonder nou verweef met die van die Griekwa en Korana, wat belangrike segmente van die Vrystaatse bevolking verteenwoordig.

Hy sê samewerking tussen die Khoisan en die UV bied die moontlikheid om ’n breë nasionale ontwikkelingsplan vir die Khoisan daar te stel waarvoor nasionaal en internasionaal geld gevind kan word. So ’n projek, wat deur die UV beplan en bestuur word, sal voorsiening maak vir multidissiplinêre navorsing wat oor nasionale grense strek.

# More will receive honorary doctorates in centenary year

As part of the UFS' centenary celebrations more people will be awarded honorary doctorates than in the past. Eighteen such honorary doctorates have been approved by the UFS Council. Prof. Frederick Fourie, Rector and Vice-chancellor of the UFS, said the people come from a wide spectrum of speciality fields and serve as proof of the UFS's policy to give recognition to those who stand out and make a difference.

A number of well-known language experts, literary figures and experts in higher education are on the list, as well as people in community service, development studies and music who will be honoured for the first time. "This reflects quality and also diversity, a spectrum of convictions as well as the recognition of persons who played a major role in changing society in the last decades," said Prof. Fourie.

Some of the honorary doctorates (Dr Con Fauconnier, Dr P.A. Verhoef and Prof. W.D. Jonker) were awarded during the autumn graduation ceremony in April 2004. Prof. Y.K. Seedat, Dr Mary Seeley and Dr Calvin G Seerveld will be honoured during the graduation ceremony in September 2004 and the rest during the UFS's conference week in October 2004. The awards can be grouped in the following categories:

## Language and literature:

- **Karel Schoeman** (D Litt (hc)) – one of the most well-known Afrikaans authors and former student of the UFS.
- **Antjie Krog** (D Litt (hc)) – one of the most well-known South African poets and former student of the UFS.
- **Jaap Steyn** (D Litt (et Phil) (hc)) – distinguished himself as biographer whose thorough research is

apparent in the published biographies of illustrious writers such as N.P. van Wyk Louw and M.E.R.

- **Jakes Gerwel** (D Phil (hc)) – Chancellor of the University of Rhodes and Director of Naspers, Old Mutual, Gold Fields and Brimstone.

## Development Studies:

- **Dr Frederick van Zyl Slabbert** (D Phil (hc)) – for his academic achievements, his endeavours for peaceful transition and his demonstration of the social investment role of the corporate sector.

## Community Service:

- **Prof. Robert G. Bringle** (D Phil (hc)) – from the Indiana University-Purdue University Indianapolis (IUPUI) in the USA. He is honoured for his exceptional contribution to several of the UFS's community service projects as well as his role in the advancement of a multi- and inter-disciplinary approach to academic development and the integration of service learning within the faculties of the UFS. He has also made a valuable contribution to the conceptual framework of the UFS's unique community service policy and more recently to the advancement of a research culture regarding community service.

## Higher education:

- **Dr Khotso Mokhele** (D Phil (hc)), President of the National Research Foundation (NRF) is honored for his contribution to the South African higher-education sector.
- **Prof. Saleem Badat** (D Phil (hc)), the Chief Executive Officer of the Council on Higher Education (CHE) has devoted himself to transforming and building South African higher education, and has constantly challenged the higher-education

sector to retain the moral basis of higher education and tackle its challenges with intellectual honesty, ingenuity, creativity and courage.

## Geology and the business sector:

- **Dr Con Fauconnier** (D Sc (hc)), the Chief Executive Officer of Kumba Resources Limited. Dr Fauconnier has assisted the UFS's Department of Geology in the development of a post-graduate course in Mineral Resource Management.

## Theology:

- **Dr P.A. Verhoef** (D Th (hc)) – an inspiring member of various ecclesiastical commissions and writer or co-writer of directional reports about controversial issues of ecclesiastical, socio-political and moral interest. Dr Verhoef has also played a major role in the explanation and translation of the Bible in Afrikaans.
- **Prof. W.D. Jonker** (D Th (hc)) – his academic influence played a major role in the establishment of a reformed and general Christian theology which is lectured at the UFS's Faculty of Theology and enjoys world-wide recognition. Prof. Jonker also made a huge contribution in the changing of the Dutch Deformed Church's perception of apartheid.

## History of art:

- **Dr Calvin Seerveld** (D Phil (hc)) – for his academic leadership at the Institute for Christian Studies in Toronto and the wide international recognition he has received throughout his career in various subject areas.

## Law:

- **Prof. H.A. (Boelie) Wessels** (D Legum (hc)) – for his contribution to the fields of Roman Law, Legal History at the UFS. He is currently a part-time lecturer at the UFS's Faculty of Law.



Prof. C.J.C. Nel

**Medicine:**

- **Prof. C.J.C. Nel** (D Phil (hc) Posthumus) (Former Dean of the Faculty of Health Sciences) – for the way in which he strived for the advancement of excellent medical education in the country. Prof. Nel also did pioneering work in the field of transformation. Under his guidance the School of Medicine at the UFS became one of the first medical schools to adopt a parallel-medium education system.
- **Prof. Y.K. Seedat** (MD (hc)) –for his extraordinary contribution to medicine in South Africa. His research in the field of hypertension among black people received international recognition and significantly contributed to the understanding of the pathophysiology of this condition. In the mid-eighties he was instrumental in supporting the bid from the Faculty of Medicine at the University of the Free State to host the first Colleges of Medicine of South Africa examination in Bloemfontein.

**Environmental management:**

- **Dr Mary Seely** (D Sc (hc)) – Executive Director of the Desert Research Foundation of Namibia. She is honoured for the impact she has made on the development of

environmental management in the drier parts of the southern African subcontinent. She has affected the professional lives of large numbers of ecologists, environmental scientists and environmental managers.

**Music:**

- **Prof. Leo Quayle** (D Mus (hc)) – for the significant contributions he has made to the development of music – not only in Bloemfontein, but also on national level and abroad. His initiative, enthusiasm and dedication contributed to the eventual founding of the Free State

Musicon, as well as the first symphony orchestra and the first string quartet in Bloemfontein. Prof. Quayle is a former head of the Department of Music at the UFS.

- **Prof. Jack de Wet** (D Mus (hc)) – well-known for his exceptional contribution to violin tuition in South Africa. As lecturer of international stature, he still moulds violinists who are capable to compete at national and international level. Today the symphony orchestras in Bloemfontein and Port Elizabeth also stand on the foundations laid by him.

## Nominate people now for Centenary Awards

All current and previous staff members of the UFS, Council Members and students are invited to nominate candidates for Centenary Awards to be awarded at the centenary medal-award ceremony in October.

Nominations are awaited for achievers in teaching, research and community service, sport, culture, amongst donors, alumni, management and support services. Awards will only be made to living persons. The main purpose of the Centenary Awards is to give recognition to people who have made an exceptional and above-average contribution to the establishment, development or transformation of the UFS. The university also aims to:

- honour achievers and benefactors who were overlooked in the past, and
- create a link between the university and society.

Send nominations as soon as possible to Prof. Sakkie Steyn, the Registrar: General, University of the Free State, P.O. Box 339, Bloemfontein 9300.

Proposals must contain the following detail of the nominee:

- Full name of nominee
- Address
- Telephone number and/or e-mail address
- Date of birth
- Association with UFS
- Category
- One-page CV
- Reasoned argument for making the award (one page)
- Name, address and telephone number of proposer
- Name, address and telephone number of first seconder
- Name, address and telephone number of second seconder
- Signatures of proposer and seconder.
- Valid reasons must be provided, explaining why the person made an exceptional contribution in a category, and why the contribution is above average.

# Two new women in UFS Council



Dr Susan Vosloo.



Mrs Busiswa Tshabalala.

The Council of the University of the Free State (UFS) appointed two new council members and the size of the council was also trimmed in line with the Higher Education Act.

The two new faces are Dr Susan Vosloo, internationally acclaimed cardiologist, and Mrs Busiswa Tshabalala – the first person to represent the Qwaqwa community since the incorporation of the Qwaqwa campus last year.

Mrs Tshabalala obtained her B.A. Hons in History from the University of the North's Qwaqwa campus in 1992 and a B.Ed degree in leadership management from the UFS in 1998. She was the first female deputy principal at the Harrismith Secondary School (1989-1992) and principal of the Forty Second Hill Teachers'

Centre. She is now the director of the Thabo Mofutsanyana education district of the Free State Department of Education.

Dr Vosloo, Old Kopsie of the Year 1989, obtained the M.B. Ch.B degree in 1980 at the UFS, a M.Med Cardiothoracic Surgery and in 1998 the FCS (SA) qualification in cardiothoracic surgery at the College of Medicine of South Africa (CMSA).

Her career extends over a wide spectrum and she specialises in pediatric and adult cardiothoracic surgery.

In 1993 she took part in the first heart transplant in Johannesburg at the Milpark Hospital and in 1997 she did the first heart-lung transplant at City Park Hospital in Cape Town.

She has a cardiothoracic surgery at the Christiaan Barnard

Memorial Hospital in Cape Town and is also involved with the Red Cross Memorial Hospital in Cape Town.

Mrs Tshabalala and Dr Vosloo are appointed until June 2008.


The following council members have been re-elected until June 2008: Prof. Dines Gihwala, Vice-chairperson of the University of the Free State's Council, Dr Nathan Bagarette and Dr Frans Kotzé.

Dr Kobus Laubscher was elected by the donors as representative for a further term until June 2008.

Ms Winifred Hoexter was elected by the Alumni as a representative.

She has been a foundation donor of the UFS since 1997 and committee member of the Kopsie Alumni Trust since 2000.

# Nuwe fasiliteite 'n aanwins



Die UV se Sentrums vir Volhoubare Landbou en Omgewingsbestuur het hul nuwe fasiliteite hierdie jaar bekend gestel. Die is in die Landbou-gebou geleë. Lesinglokaal is groter en studente kan nou beter geakkommodeer word. Albei sentrums lewer belangrike nasionale en internasionale dienste in terme van water-omgewingsbestuursnavorsing en -raad, en landbou- en landelike ontwikkeling. Hier is van links prof. Herman van Schalkwyk, Dekaan: Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe, dr. Izak Groenewald, Direkteur: Sentrum vir Volhoubare Landbou, prof. Maitland Seaman, Direkteur: Sentrum vir Omgewingsbestuur, en prof. Gerrit van Wyk, Direkteur: Entreprenuriese en Akademiese Projekte.

## Herfsskool by Teologie aangebied



Die UV se Fakulteit Teologie het 'n herfsskool met die tema *Christelike hulpverlening aan mense in nood* in Mei en Junie 2004 aangebied. Die aanbieder, dr. Jan-Albert van den Berg (dosent in Pastorale Terapie), het kursusgangers gehelp om na verbande te soek tussen die menslike

verhaal en die betekenis van die Skrif se Verhaal. Kursusgangers is toegerus om deur luistervaardighede en met kennis van die narratiewe benadering te help om alternatiewe lewensbetekenis vir mense in nood te vind. Ongeveer 80 mense van Bloemfontein en omgewing het die

herfsskool bygewoon. Op die foto is van links, voor: me. Daliëna Swartz, dr. Jan-Albert van den Berg (aanbieder), mnr. Douw Kriel, prof. Hermie van Zyl (Dekaan: Fakulteit Teologie), en agter: me. Sarina van Aswegen, me. Elna Marais, mnr. Coen Smit en me. Binty Britz.

## Old tradition re-introduced

**M**ortar boards will be re-introduced as official attire for graduation ceremonies. The first opportunity to wear it will be the ceremony in October where honorary doctorates and Centenary Medals will be bestowed on people to be honoured in the UFS's centenary year.

Students up to master's degree level can wear mortar boards and all staff and doctorates a soft flat hat.

The different faculties will be distinguished by the colour of the tassel.



## Oil expert honoured



Prof. Lodewyk Kock from the Department of Biotechnology was the joint runner-up in the category research and innovation over the past two years at the National Science and Technology Forum's (NSTF) annual award ceremony. He received the award for his contribution to yeast biotechnology and his identification and studying of the over-use of cooking oils in the fast-food industry. With this award Prof. Kock has established himself and the UFS as role models in the science, engineering and technology community. The NSTF's awards ceremony is honoured and supported by the Office of the President, the Ministry of Arts, Culture, Science and Technology, other cabinet ministers and Parliament.

## Consultation process started at Qwaqwa

The UFS started a public-consultation process to involve stakeholders in the development of a strategic plan for the long-term viability for its Qwaqwa campus in the Eastern Free State.

Prof. Magda Fourie, Vice-rector: Academic Planning of the UFS, said: "The Qwaqwa campus is an important site that can deliver knowledge, training and skills in an area of the Free State that is very poor. We need to come up with ideas on how best to use such a facility to meet the higher-education, training and skills needs of the community."

Separate sessions involving staff, students and the business, labour, government, education and community took place in May this year. The core planning team to drive this process consists of Prof. Fourie, Mr Willem Malherbe (Registrar: Strategic Planning and planning convener), Prof. Peter Mbatlana (Head: Qwaqwa campus) and Prof. Pieter Keulder (Acting Academic Head of the Qwaqwa campus).

## Recognition



Prof. Letticia Moja, Dean of the Faculty of Health Sciences, was a winner in one of the categories of the Shoprite Checkers/SABC2 Woman of the Year Award.



# Hulle gaan 'n leemte laat

**Mnr. Phillipus Rudolph (Doep) du Plessis (77)** het op Heilbron groot geword en het daar gematrikuleer. Hy was van 1948 tot 1951 'n student aan die UV, waar hy in die besture van onder meer die Toneelvereniging, Jookomitee en Danskomitee gedien het. Hy het onderwys aan die Paul Erasmus Hoërskool gegee en was daarna hoof van die Junior Hoërskool Memel. Vanaf 1965 tot met sy aftrede in 1986 was hy hoof van die Pres. Brand Primêre Skool. Hy was ook van 1969 tot 1986 voorsitter van die Vrystaatse laerskole-rugbyvereniging. Hy word oorleef deur sy vrou, Judie, drie seuns – Louis, Piet en Flip, dogter, Alet, en vyf kleinkinders.

**Mnr. Jacques Nel** is vroeër vanjaar oorlede. Hy laat sy eggenoot, mev. Nelmarie Nel van Jeffreysbaai, agter.

**Mnr. Johannes Jacobus Venter (90)** is in Oktober 2003 aan 'n hartaanval oorlede. Hy het op Petrusburg skoolgegaan waar hy gematrikuleer het en het 'n B.A.-graad in 1935 aan die Universiteit van die Vrystaat verwerf. Sy weduwee, mev. S.J. Venter van Die Kronendal 3A, Pretoriusstraat 650, Arcadia 0083, sê hy het so baie dae vertel van die moeilike tye van die Depressie en droogte en hoe dankbaar hy was om te slaag en sy graad te behaal. Hy het onder meer 'n M.A.-graad (Ekon.) aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO behaal, was direkteur van die Afrikaanse Handelsinstituut, waarna hy toegetree het tot die sakewêreld –

Noordeck Diamantslypery in Johannesburg, en Suiderkruis Diamante, 'n juwelierswinkel, in Pretoria tot 1973, waarna hy uitgetree het.

**Mnr. Piet Steytler (66)**, lid van die UV-Raad, oud-Kovsie en voorheen voorsitter van die Bond van Oud-Kovsies is in Mei 2004 by sy huis in Polokwane aan 'n hartaanval oorlede.



Prof. Frederick Fourie, Visekanselier en Rektor van die UV, sê Piet was een van die stigterslede van die Bond van Oud-Kovsies en was vir 'n hele aantal jare voorsitter van die Bond. Hy sal onthou word vir sy lojaliteit teenoor die UV en veral die Bond van Oud-Kovsies. Hy was ook sedert 1963 betrokke by die Polokwane Oud-Kovsietak – die tweede oudste in die land, het gedien op die direksie van die UV-Stigting en was 'n trustee van die Kovsie-Alumni Trust.

Mnr. Steytler het in 1957 op 19 'n B.A.-graad aan die UV behaal en in

1959 is die LL.B-grad aan hom toegeken. In 1960 word hy toegelaat as prokureur en in 1961 word hy die eerste notaris om toegelaat te word in die destydse Republiek van Suid-Afrika.

Hy was sedert 1965 verbonde aan die prokureursfirma Hough, Lategan en Steytler in Polokwane en was 'n kenner op die gebied van grondeise. Piet het die regering verteenwoordig in die Rabie-kommissie oor grensdispute tussen die vorige selfregerende state van Gazankulu en Lebowa.

Hy word oorleef deur sy vrou, Louise, sy dogter, Frieda Janse van Rensburg, en twee kleinseuns.

Lees ook Blou Willem op bl.32



**Ms Patience Lindiwe (Lindi) Tshabalala (36)**, a marketer at UFS Marketing for the past eight years, passed away on 27 June 2004. She was buried from Bethlehem's Methodist Church on Sunday 3 July 2004. She is survived by a son, Mbali (10).

# Vroue in landbou gaan van krag tot krag

Deur Ilse Olivier

**D**ie “Vroue in Landbou – Eierproduksie op Kleinskaal”-projek, onder leiding van prof. Johan Greyling (Departement Vee-, Wild- en Weidingkunde) is besig om van krag tot krag te gaan. Dié eierboerderyprojek fokus op die generering van inkomste en verhoging van voedselsekureit in verskeie huishoudings in Thaba 'Nchu. Vir die sowat 50 vroue, wat hierby baat vind, is die projek nie net 'n welkome bron van inkomste nie, maar ook 'n broodnodige proteïenbron vir hulle huishoudings.

Een van die boere van die Mokoena Trust by die hokke waarin die hoenders gehou word.

Dikwels oorleef huishoudings in die plattelandse gebiede op 'n hoë koolhidraatdieet van mieliepap en ander graanprodukte, omdat dit as 'n goedkoop voedselbron beskou word. Veeboerdery op kleinskaal is dikwels nie volhoubaar nie, omdat die diere dikwels in besoedelde en oorbeweide kommunale na weiding moet soek. Dit beteken dat die diere nie baie produseer nie en dus nie aan die voedingsbehoefes van die gemeenskap kan voldoen nie.

In die lig van hierdie omstandighede, is lêhenboerdery op kleinskaal 'n moontlike

vervolg op p25



vanaf p24

oplossing. Relatiewe lae kapitale investering en min spasie is nodig, maar die potensiaal van die projek om die lewenskwaliteit van die projekeienaars te verbeter, is groot. Die produksiesiklus is vinnig en hoë kwaliteit, proteïenryke produkte word geproduseer.

Elkeen van die vroue het 24 lê-henne ontvang, sowel as hokke en hoendervoer vir omtrent drie maande. Sowat 20 eiers word per dag in elke huishouding geproduseer, wat vir eie huishoudelike gebruik benut word, maar ook aan die gemeenskap verkoop word.

Volgens prof. Greyling is daar ten minste R3 000 in elke huishouding belê, en die universiteit verskaf deurlopende ondersteuning om seker te maak dat die projek op koers bly.

Benewens hierdie ooglopende voordele, soos voedselsekuriteit en inkomstegenerering, dra hierdie projek ook by tot die selfverwesenliking van hierdie landelike vroue. Die projek leer hulle belangrike besigheidsbeginsels en entrepreneursvaardighede, en sommige van die vroue is reeds besig om hulle lê-eenhede verder uit te brei. In baie gevalle, het hulle selfvertroue toegeneem, omdat hulle

daadwerklik hulle omstandighede verander het. Sosiale opheffing van die gemeenskap vind ook plaas.

'n Tweede, en minder ooglopende voordeeltrekker uit die projek, is die universiteit self. Hierdie is ook 'n belangrike navorsingsprojek vir akademiese personeel en studente oor die mees effektiewe manier van tegnologie- en kennisoordrag ten einde mense te help om voedselsekuriteit te verkry.

Danksy die sukses van die projek in Thaba 'Nchu word daar nou gekyk na ander areas, soos Philippolis en Edenburg, waarheen die projek uitgebrei kan word. Een ding is egter seker, die projek het nes geskop in Thaba 'Nchu en sal nog lank nadat die universiteit nie meer betrokke is nie, mense se lewens verander.

Die projek het ook onlangs R50 000 van Santam in sy jaarlikse projekkompetisie losgeslaan. Dié projek, wat tot 'n groot mate deur prof. Greyling se regterhand, me. Christie Lehloenya, gedryf word, is saam met twee ander projekte as die drie nasionale wenner in die kompetisie aangewys.



Deelnemers aan die projek ontvang hulle kontrakte van die universiteit.

# Afrox pushes Tswelopele forward

The Tswelopele Loan and Bursary Fund for disadvantaged students received a welcome boost thanks to a generous donation by African Oxygen Limited (Afrox) of R28 750.

Mr Jonathan Narayadoo, General Manager of Afrox, visited the campus of the University of the Free State with Mr Trevor Boshoff, Branch Manager in Bloemfontein, to hand over the cheque to Dr Ezekiel Moraka, Vice-rector: Student Affairs.

“As a large corporation with operations throughout Africa, we

believe that the future prosperity of Africa, as well as the company, hinges on the positive transformation and upliftment of society as a whole. We are obligated to assisting wisely and constructively in the communities in which we operate.

“Over the years, our approach has evolved from passive philanthropy to a comprehensive corporate social-investment programme where meaningful interaction with stakeholders is an important facet of our philosophy,” said Mr Narayadoo.



Afrox donated money. From the left are: Mr Jonathan Narayadoo (Afrox), Ms Ilse Olivier (UFS Marketing), Mr Trevor Boshoff (Afrox) and Dr Ezekiel Moraka (Vice-rector: Student Affairs).

## Three benefit from PPS sponsorship

Professional Provident Society Insurance Company Limited (PPS) recently awarded three bursaries to students studying at the University of the Free State. The three bursaries are worth a combined total of R23 000. With this donation, PPS not only showed its commitment to higher education, but also promoted student membership for those training in the professions eligible for membership of PPS Limited.

Mr Hannes Ferreira, Provincial Manager of PPS, visited the campus to meet the students and hand over the cheque.

PPS Insurance is a long-term insurance company providing sickness and disability benefits, life assurance and disability cover as well as a retirement annuity and a medical scheme, Profmed. These benefits are available to fourth-year graduate professionals.



The students who received bursaries are, from the left, front: Mr Thapelo Motumi (honours student in Industrial Psychology), Ms Lindy Mathews (masters student in Genetics) and Mr C Jooste (Applied Mathematics); back: Mr Themba Shaw (Marketing Consultant, PPS), Mr Hannes Ferreira and Mr Barry Pretorius (Senior Marketing Consultant, PPS).

## Liaison Office goes Oriental

The Corporate Liaison Office (CLO) in Johannesburg took a selected group of women donors on an Oriental journey in Sandton to thank them for their longstanding support of the UFS. Mrs Jacky du Plessis (Founder: DKA Consulting and former Corporate Affairs Director: Nestlé) discussed the importance of corporate social investment and supplied interesting facts on global trends, especially with regards to Asian Tigers. Representatives from Sasol, the

FirstRand Foundation, Murray & Roberts, the African Bank Foundation, Altron, the Carl van der Merwe Trust and Nestlé attended the function. Seen here are, from the left, front: Ms Veronica Williams (Marketing Manager: Dimension Data), Ms Gill Bates (Project Administration Manager: Nedcor Foundation), back: Ms Cathy Castagno (Development Director: CLO, Johannesburg) and Ms Vivian Moila (Manager: Education Portfolio, Transnet Foundation).



## Pepkor a centenary contributor

Pepkor has made a welcome contribution of R50 000 to the Science-for-the-Future project within the Research Institute for Education Planning at the UFS. This generous donation was made to support the University of the Free State in its centenary year.

Pepkor, a South African based investment holding company, managing retail interests in Africa and Australia, wished to contribute to a project with a very strong educational base. The Science-for-the-Future project, enthusiastically driven by Ms Lorraine Botha, aims at educating and supporting educators to help upgrade the skills and qualifications for the future South African workforce. The project comes

to life in many different programmes, including Outcomes-Based Education, Physical Science, Mathematics, Biology-for-Life, Computer Literacy and Family Maths and Family Science.

The project uses innovative methods to show educators how they can enhance the classroom experience for learners. In this way, the project aims to redress the education system in South Africa, so that the cycle of poverty and unemployment can be broken in a creative and innovative manner.



Rev. Kiepie Jafftha (middle), Chief Director: Community Service (UFS) and Ms Ilse Olivier, Development Manager (UFS), received the cheque from Mr André Labuschaigne, Managing Director of Pep, one of the three subsidiaries of Pepkor, the other two being Ackermans and Best & Less in Australia.

# Baie by gholfdag in Welkom



Paris Daniel is tydens die nasionale oud-Kovsie-gholfdag in Welkom as die oud-Kovsie-gholfkampioen vir 2004 aangewys. Daniel het 72 behaal. Hy was ook die individuele stableford-wenner met 40 punte. Meer as 'n 100 oud-Kovsies

het in Februarie aan die nasionale Kovsie-Alumni gholfdag op die Vrystaatse Goudveld deelgeneem.

Na die gholfdag was daar 'n reünie vir alle oud-Kovsies in die Welkom-omgewing, waar soos gewoonlik heerlik

saamgekuier en tot ounag toe gedans is. Pieter Aucamp is op die reünie as die voorsitter van die alumnitak in Welkom verkies.

Hier kuier 'n paar oud-Kovsies saam tydens die Welkom-reünie.



Nelis Maeder (UV-Bemarking), Paris Daniel (oud-Kovsie-gholfkampioen) en De Wet Ras (UV-Bemarking) by die gholfdag in Welkom.



Drie oud-Kovsies bymekaar: Van links is: Joyce Daniel, Veronica du Plessis en Marcia Kruger.

## Oud-Kovsies op De Aar hou reünie



Oud-Kovsies op De Aar het op 17 April reünie gehou by die Hydra Gastehuis. Die nuwe takbestuur wat verkies is, is (van links) Santjie Venter, Raymond Swenson, Liezl McGee en Nikki van Aswegen (voorsitter).

## Gauteng Kovsie- gholfkampioenskappe



Casper Kruger (links) ontvang hier die trofee as kampioen van die Gauteng Kovsie-gholfkampioenskappe by Blou Willem Theron. Die kampioenskappe is einde verlede jaar op Bronkhorstspuit gespeel.

## Irawa se redakteurs gesoek

Irawa hou 16 Oktober 2004 'n oudredakteursreünie ter viering van sy sestigste bestaansjaar. "Ons sukkel ons egter dood om al die oudredakteurs op te spoor en tyd loop uit," sê Sanri van Wyk, huidige redakteur.

Kontak haar by  
072 333 1011,  
of by [irawa.rd@mail.uovs.ac.za](mailto:irawa.rd@mail.uovs.ac.za)

## Olienhout- manne, skud julle reg vir Oktober

Olienhout hou reünie vanaf 15 tot 17 Oktober 2004 by Bloem Spa in Bloemfontein.

Riaan Brink sê Olienhoutmanne moet hulle die Vrydagaand regskeur vir 'n manne-aand, gevold deur 'n gholfdag die Saterdag en 'n formele funksie die Saterdagmiddag. Kontak Riaan by [riaanbrink@hotmail.com](mailto:riaanbrink@hotmail.com), of bel hom by 082 558 8455.

Andersins kan Hennie Botha by 082 770 7703 gekontak word.

# Don't miss out on reunions

By Gratitude Nkungwana



Mr Gratitude Nkungwana.

It was a Saturday afternoon in August 2001 at the Sidibane conference centre in Pretoria, where a group of former Free State University students gathered to watch a Australian vs. Springbok test. Differently from previous occasions, this time around there were black faces also amongst the crowd. A young lawyer (adv. Vincent Madlela) from Johannesburg led a group of black students to the hall where the game was watched. It was from that day that we saw active participation by black alumni in the Kovsie Alumni Bond.

The then Rector of the Free State University, Prof. Stef Coetzee, addressed a number of black professionals at the UFS on the imperatives of their active participation in the Kovsie Alumni Bond. Mr Gratitude Nkungwana, an alumnus from the UFS, was appointed to mobilise black

alumni into the Kovsie Alumni Bond, bring the structure into the broader alumni association, to help organise the alumni database and to hold regional and annual reunions.

A number of reunions and branches were opened since then and it has been a marvelous experience and any person who is an alumnus and who is not participating in alumni activities is urged to do so because there are good opportunities to network, liaise with your alma mater and to plough back to the institution where you received your formal education. Please feel free to contact me, Gratitude Nkungwana at 051 401 3751 or visit us at [www.uovs.ac.za](http://www.uovs.ac.za).

Please also make contact with our contact persons for regional and city reunions:

**Bloemfontein:** Mr Gratitude Nkungwana, [Nkung.stg@mail.uovs.ac.za](mailto:Nkung.stg@mail.uovs.ac.za), 051 401 3751

**Beaufort West:** Mr Windy Plaatjies, 084 726 4599

**Cape Town:** Mr Trinity Maholela, [trinitym@picasso.co.za](mailto:trinitym@picasso.co.za), 021 462 1023

**Pretoria:** Mr Siyenzile Thukwani, 082 582 5132

**Johannesburg:** Adv. Vincent Madlela, [Vincent.madlela@bhpbilliton.com](mailto:Vincent.madlela@bhpbilliton.com), 072 576 7931

**Ladysmith:** Ms Chantel Mazibuko, [kasey@webmail.co.za](mailto:kasey@webmail.co.za), 036 631 9155 or 072 387 3655

**Umtata:** Ms Sindiswa Mkonko, Magistrate court,

**Newcastle:** Mr Sfiso Dlamini

**Welkom:** Mr N.J. Maposa, 057 355 5184

**East London:** Mr Kibo Maseti, [thembinkosi.maseti@za.nestle.com](mailto:thembinkosi.maseti@za.nestle.com), 082 812 7006

**Queenstown:** Me Namhla Ndlamhlaba.

## Learn from India at MBA workshop

The annual MBA Alumni Society workshop, dinner and annual general meeting will take place on 11 September 2004. Prof. Mukul Gupta from the Management Development Institute in India will present the workshop, and act as guest speaker at the dinner. The topic for the workshop is *Business lessons learnt from India*. Please contact Sarien Crous at [crouss.ekw@mail.uovs.ac.za](mailto:crouss.ekw@mail.uovs.ac.za) or 051 401 9195.

## More MBA alumni in the news

Pieter du Toit, and Prof. Tienie Crous, Dean of the Faculty of Economics and Management Sciences, published an article in the April 2004 edition of *Management Today*. The article was titled: "The role of values in adding value to business".

Berrie de Jager is the recipient of the Standard Bank Kwesi-Khulu

(Mega Star) award for exceptional service.

Anton Nicoliason has been promoted to Area Business Manager of Standard Bank in the Upington area. Two BML students in their final year have been elected as MEC's of the Free State: Ouma Tsopo (Education) and Seiso Mohai (Roads, Transport and Public Works).





## So hou Kroonstad reünie

Die Kroonstad-reünie is op 30 April 2004 by die Lechwe Lodge gehou. Die nuwe takbestuur is Chris de Lange, Christo Wessels, Johan Wessels (voorsitter) en Liezl du Plessis.

# Welkom Bokkebond by die Kowsie-alumni

Deur Emsie Muller

In 1998 het die Bloemfonteinse Onderwyskollege sy 100-jarige bestaan gevier. Toe reeds was onderhandelinge aan die gang om die BOK by die universiteit te inkorporeer.

Met die inskakeling op 1 Januarie 2001 by die UV is die programme, geboue en bates van die BOK aan die UV oorgedra.

Vanaf daardie datum het die UV volle verantwoordelikheid aanvaar om die studente te onderrig en so te verseker dat hulle die BOK-programme voltooi. In die toekoms is dit die taak van die UV om alle onderwysstudente op te lei.

Die tyd het uitgeloop en dit was met 'n traan in die oog dat die pyplynstudente gedurende die herfsgradeplegtigheid vanjaar (21 April) hulle diplomas verwerf het. Benewens die laaste prysuitdeling, het oudpersoneel en -studente ook die kollege se klok amptelik aan die UV oorhandig. Dit pryk nou voor die

hoofgebou van die Skool vir Opvoedkunde.

Die meeste oudstudente van die BOK is onbewus van die feit dat die universiteit volle alumni-status aan hulle verleen. Dit bring mee dat alle oudstudente van die BOK inspraak het in die doen en late van die Alumnibond van die UV. Kowsie-Alumni wil baie graag hierdie bande verstewig en nooit elkeen uit om hartlik mee te doen aan alle aktiwiteite. Opwindende nuwe projekte lê voor. Kom ons gebruik die geleentheid om ou vriendskapsbande te hernu en ou kollegas en vriende te herontdek.

Met die inkorporering is die BOK-gedenkrust gestig om die belange van oudstudente en -dosente uit te bou en te beskerm. Dit behels onder meer dat daar jaarliks beurse toegeken word aan matrikulante wat aan die UV studeer in die Algemene Onderrig- en Opleidingsfase. Vir navrae kontak die Sekretaris van die Trust by [mullere@absamail.co.za](mailto:mullere@absamail.co.za).

Oud-studente word aangemoedig om die uitstaande versameling skilderye wat deur die jare deur die BOK byeengebring is, in die Johannes Stegmann-kunsgalery in die UV-Sasolbiblioteek, te besigtig.



BOK se klok.

# Piet, ons gaan jou mis!



**D**eur die jare was daar een Kovsievesting waar die dinge regtig gebeur het. 'n Kovsietak waar die manne en vroue gewoel het en wat gereeld aangewys is as Oud-Kovsietak van die jaar. Ek praat van Pietersburg (oftewel Polokwane) waar ons nou weer aan die einde van Mei met treintrollies deur die Waterpoort sou gaan ry (van daai's wat jy nog so met die arms moet pomp).

Maar die oggend toe ons sou gaan trollies ry, kry ek met sonop 'n SMS wat net sê "Piet gisternag oorlede".

Net dit, maar met daardie drie woorde van Louise, is die hart en siel van die hele land se oud-Kovsies uitgeruk, want Piet Steytler, die moderne Leeu van die Noorde, is vir altyd weg. Piet is skielik in sy eie bed tuis dood, maar ek sou altyd kon dink dat hy veel eerder in 'n geveg met 'n leeu sou sterf (en dat die leeu in die proses ernstig sou seerkry).

Vir die wat vir Piet geken het, hoef ek nie te vertel van sy bydrae tot die regsprofessie, van sy bydrae as seker die

grootste kenner op die gebied van grondeise in die land (hoeveel gaan Haenertzburg se boere hom nie mis nie!), van sy dae as nasionale voorsitter van die Bond van Oud-Kovsies, sy tyd as raadslid van die UV, van sy gevegte vir die behoud van waardes wat vir ons as oudstudente belangrik is, van sy bydrae op die grens as burgermagoffisier of van 'n enigste seun wat hy in dieselfde oorlog verloor het nie.

Die Pietersburg-klub staan vandag in die dorp as 'n monument van Piet se bydrae tot die sosiale lewe in die dorp en saam met Louise het hulle eiehandig die Kovsies van die noorde bymekaargehou. (Twee maande gelede het die dorp se Kovsies, saam met Tzaneen s'n binne twee dae amper 'n kwartmiljoen rand vir die Alumni Trust geskenk.)

Vir die wat nie vir Piet geken het nie, wil ek vertel van die ander Boykie van Bethulie wat in die vroeë vyftigs daar in Reitzkamerwonings ingetrek het, 'n man met 'n vlymskerp intellek, met 'n onvergelyklike en onvervangbare humorsin, 'n man vol streke en poëse, die Piet wat saam met my op die aand van die Fees van die Bees 'n os doodgery het op pad na 'n Kovsiereunie en toe net so vinnig weer teruggery het na die funksie, wat jaar na jaar vir 'n hele naweek saam met ons gelag het tydens ons jaarlikse hoofbestuursvergaderings, wat vir drie dae saam met my in die Bloemfontein Hotel vasgeregêen het met die groot vloede toe ons met Dias se karveel daar moes uit – die Piet wie se ogies sulke skrefies getrek het as hy so "gie-gie-gie" lag, wat twee dae voor sy dood nog grappe gemaak het oor die ouens wat die Polokwane-stadion probeer bou met die planne wat onderstebo is ("gie-gie-gie"), wat toe ek nou die aand laat al stokflou was, nog lang stories in die half-afgebrande Magoebaskloof Hotel sit en vertel het oor die twee broers van Aliwal wat die sirkusleeu Johannesburg toe moes vat, wat met sy geelsuglyf vir my vertel het ek is miskien Blou Willem maar hy is nou Geel Piet en so kan ek aangaan oor ou Piet tot die son opkom of die ouens eendag die stadion se planne reg lees kry.

Feit is, niks gaan weer presies dieselfde wees sonder Piet Steytler nie. Nie in Pieterspolokwane of enige ander plek waar Kovsies kuier nie. Kovsies was vir Piet 'n lewenslange passie en dit gaan ten minste tien sterk manne op goeie perde vat om sy plek vol te staan as daar in die Noorde gekuier of teen die leeus geveg word!

*Blou Willem*

# Trust groei stewig

## Goue donateurs

244. Mnr Fanie Steenkamp, Finansiële adviseur, Erasmusrand	338. Me Alet Wittmann, Bestuurder, Windhoek	536. Dr Ethelda Ellis, Algemene Praktisyn, Centurion	686. Mnr Jaco Niemann, Argitek, Tzaneen
247. Mnr Hannes Bruwer, Netwerkbeplanner, Centurion	361. Mnr Gerhard Shaw, Fisioterapeut, Noordheuwel	574. Mnr Martiens Booysen, Tegnieuse Adviseur, Noordbrug	687. Mnr Gerrit Nauta, Bourekenaar, Tzaneen
248. Me Sonja Bührmann, Bemerkingsbestuurder, Woodhill	378. Mnr Kerneels Esterhuyse, Mikrobioloog, Pretoria	642. Mnr Ben Lubbe, Kategoriebestuurder, Zwartkop	688. Mnr Jan Fourie, Bourekenaar, Tzaneen
269. Mnr Faan Fourie, Streeksbestuurder, Bloemfontein	382. Mnr Sas Rautenbach, Prokureur, Florida Hills	679. Mnr Riaan Brink, Bemerkingsbestuurder, Bedfordview	689. Dr Johan Pretorius, Algemene Praktisyn, Polokwane
273. Mnr Ernie van Wyk, Inligtingstechnologiebestuurder, Highveld Park	383. Mnr Melt Rautenbach, Assistent-rekenmeester, Erasmuskloof	680. Mnr Johann van Rooyen, Regsverteenwoordiger, Randburg	690. Mnr Nikolaas Gubitz, Boer, Letsitele
278. Mnr Johann vd Heever, Finansiële adviseur, Pinegowrie	408. Mnr Luter Roll, Besigheidsanalisis, Kommersiële, Weltevredenpark	681. Mnr Tienie Ferreira, Kliënteverhoudingsbestuurder, Gardenview	691. Mnr Willie Odendaal, Finansiële Adviseur, Val De Grace
281. Mnr Dolf J van Rensburg, Takbestuurder, Bethlehem	418. Mnr Johan Lubbe, Rekenmeester, Centurion	682. Mnr Johnny van Eeden, Sakeman, Polokwane	692. Dr Jan Taljaard, Algemene Praktisyn, Rooseveltpark
283. Mnr Hercules vd Walt, Bestuurder, Montana	507. Mnr Lourens Kamfer, Assessor, Weltevredenpark	683. Mnr Jan Pan Swanepoel, Kontrakteur, Polokwane	693. Mnr Frikkie Smit, Uitvoerende Bestuurder, Kempton Park
301. Me Tania Botha, Suiwelkundige, Elarduspark	513. Dr Laetitia Pienaar, Algemene Praktisyn, Centurion	684. Me Elize Slaughter (Pretorius), Pensioenaris, Polokwane	694. Mnr Kobus Schoeman, Verteenwoordiger, Krugersdorp
320. Mnr Hennie Wiggert, Argitek, Lynnwoodrif	533. Mnr Johan Human, Besigheidsanalisis, Weltevredenpark	685. Dr Frans Blignaut, Onkoloog, Polokwane	695. Dr Johann Nel, Wetenskaplike, Birchleigh
332. Mnr Kobus vd Berg,			696. Me Dalene Botha, Lektrise, Sinoville

## Ere-stigtersdonateurs

Stigtersdonateurs wat met hulle ondersteuning die Kowsie-Alumni Trust tot groot hoogtes help dra het, het spontaan hulle verdere ondersteuning aan die Trust gegee nadat hulle finansiële verpligtinge afgehandel is. Hier volg 'n lys van	bestaande Stigtersdonateurs, wat weer 'n verbintenis van R5 000 tot die Trust gemaak het, se name om dan te kwalifiseer as Ere-stigtersdonateurs. Die voorsitter van die Kowsie-Alumni Trust, prof Nico du Plessis, nooi alle reeds bestaande Stigtersdonateurs uit	om ook op dié wyse die trust verder te ondersteun om óf 'n ere-stigtersdonateur óf 'n goue donateur te word:	67. Me Christa Slabbert, Onderwyseres, Postmasburg
		65. Mnr Carel Arndt, Prokureur, Dundee	68. Mnr Schalk vd Merwe, Argitek, Polokwane
		66. Mnr Paul Jordaan, Prokureur, Plettenbergbaai	69. Mnr Willem Pretorius, Vak-kundige Beampte, Bloemfontein

## Prestige donateurs

12. Mnr Theo vd Vyver, Senior Lektor, Florida	718. Mnr Graeme Fraser, Finansiële Adviseur, Fontainebleau	733. Mnr Benno de Klerk, Prokureur, Polokwane	Narkotiseur, Arcadia
78. Mnr Francois Wentzel, Sakeman, Knysna	721. Mnr Francois Enslin, Versekeringsmakelaar, Strubensvallei	734. Dr Ria van Jaarsveld (de Lange), Mediese dokter, Ladanna	747. Mnr Walter Hepple, Prokureur, Garsfontein-Oos
105. Mnr Nico Beyers, Prokureur, Sunninghill	722. Mnr Corné Dave, Boer, Bronkhorstspuit	735. Mnr Corné Bezuidenhout, Boer, Polokwane	748. Mnr Marthin de Kock, Streekopleidingsbestuurder, Pretoria
133. Mnr Jaco van Zyl, Bestuurder, Modimolle	723. Regter Faan Hancke, Regter, Hoogeregshof, Bloemfontein	736. Mnr Fielies Nieuwoudt, Besturende Direkteur, Tzaneen	749. Dr Manie Wessels, Psigiatr, Kempton Park
223. Dr Mariet van Niekerk, Neuroloog, Wapadrand	724. Mnr Corné van Straaten, Rekenmeester, Strubensvalley	737. Mnr Francois Vorster, Boer, Letsitele	750. Mnr Leon Jansen Van Vuuren, Graanmakelaar, Brits
224. Mnr Corné van Straaten, Rekenmeester, Strubensvalley	725. Mnr Louwrens vd Merwe, Bourekenaar, Braamfontein	738. Mnr Kobus Marais, Makelaarbestuurder, Polokwane	751. Mnr Stoney Steenkamp, Graanmakelaar, Hartbeespoortdam
232. Mnr Conrad Bester, Bestuurder, Saxon Wold	726. Mnr Stephen Claesen, Sakeman, Pierre van Ryneveldt	739. Mnr Sous Greyvenstein, Argitek, Polokwane	752. Dr Ivar Joubert, Chirurg, Ryanfield
283. Mnr Hercules vd Walt, Bestuurder, Montana	727. Mnr Jeremy Hendrikse, Onderwyser, Kimberley	740. Mnr Hein Durow, Inligtingstechnologiekonsultant, The Reeds	753. Mnr Dirk Jansen Van Vuuren, Bekastingkonsultant, Moreleta Park
338. Me Alet Wittmann, Finansiële Bestuurder, Windhoek	728. Mnr Derek Gerber, Bankier, Waterkloofrif	741. Mnr Daan vd Walt, Bestuurder, Centurion	754. Mnr Fanie de Lange, Omgewingskonsultant, Glenstantia
361. Mnr Gerhard Shaw, Fisioterapeut, Noordheuwel	729. Mnr Louis Grobbelaar, Geotrooieerde Rekenmeester, Honeydew	742. Mnr Stephan Muller, Uitvoerbestuurder, Ferndale	755. Mnr Francois Bothma, Besigheidsbestuurder, Woodhill
377. Mnr Hansie Prinsloo, Ontwikkelaar, Hatfield	730. Mnr Dirk Potgieter, Verkoopsbestuurder, Rivonia	743. Mnr Neil Freislich, Vulstasiebedryf, Garsfontein	
411. Me Alma Kennedy, Regsadviseur, Highveld	731. Mnr Manie Lambrechts, Argitek, Bendor	744. Mnr Koos Vivier, Sakeman, Arcadia	
418. Mnr André Muller, Besigheidsanalisis, Erasmuskloof	732. Mnr Morné Jacobs, Hospitaalbestuurder, Tzaneen	745. Mnr Chris Venter, Sakeman, Knysna	
667. Mnr Naudé de Klerk, Prokureur, Allensnek		746. Dr Marichen Kapp,	

## Platinum donateurs

94. Mnr Nico Barnard, Programbestuurder, Greenside	Verkoopsbestuurder, Banbury Cross	Praktisyn, Polokwane
95. Adv Johan Daffue, Balie, Bloemfontein	102. Me Leoné Labuschagne, Fisioterapeut, Alberton	109. Mnr Klippies Kritzinger, Verkoopsbestuurder, Polokwane
96. Mnr Leon Malan, Prokureur, Waterkloof	103. Mnr Johan Wessels, Prokureur, Kroonstad	110. Dr Johan van Rooyen, Geneesheer, Polokwane
97. Mnr John Fourie, Insolvensiepraktisyn, Johannesburg	104. Mnr Dale Nussey, Werknemersvoordele konsultant, Emmarentia	111. Dr Liesl Ströh, Algemene Praktisyn, Clubview
98. Mnr Johan Otto Jnr., Bankier, Sandton	105. Mnr Pieter Brink, Bourekenaar, Burgersfort	112. Mnr Dirk van Niekerk, Verkoopsbestuurder, Parklands
99. Mnr Charl van Rooyen, Joernalis, Pretoria	106. Dr Hercules Malan, Onkoloog, Bendorpark	113. Mnr Danie Joubert, Sakeman, Wingatepark
100. Mnr Robert Wiggert, Bestuurder, Cramewier	107. Mnr Willie van Jaarsveld, Sakeman, Polokwane	114. Dr Francois Maree, Algemene Praktisyn, Roosevelt Park
101. Mnr Derick Swanepoel,	108. Dr Vivian Meintjes, Algemene	115. Dr Renier Moolman, Senior Finansiële Analis, Kengray

## Diamant donateurs

25. Mnr Dawie Venter, Bankklerk, Bendorpark
27. Dr Johann Viljoen, Neuroloog, Polokwane



1904

Universiteit van die Vrystaat

University of the Free State

